# Welkom

## BY DOXA DEO KAMEELDRIFT



"WANT DIE AARDE SAL VOL WORD VAN DIE KENNIS VAN DIE HEERLIKHEID VAN DIE HERE SOOS DIE WATERS DIE SEEBODEM OORDEK."

HABAKUK 2:14



KONTAK ONS

www.doxadeo.org/kameeldrift/besoeker-vorm/

# 'N NOTA VAN ONS KAMPUS PASTOR

Beste Besoeker

As jy op soek is na 'n plek waar jy kan aanbid en groei in jou geloof, nooi ons jou van harte uit om by ons kerk in te skakel.

Ons is 'n vriendelike, oop gemeenskap waar almal welkom is – maak nie saak wie jy is of waar jy vandaan kom nie. Of jy nog nuut is in jou geloof of al lank saam met Jesus stap, hier is plek vir jou.

By ons sal jy mense ontmoet wat saam leef, lag en groei. Daar is iets vir almal – van dienste en Bybelstudies tot jeuggroepe en kursusse.

Ons droom is om 'n plek te wees waar mense nader aan God beweeg en ontdek waarvoor Hy hulle gemaak het. Ons gee ook om vir ons stad en wil graag help om dit 'n plek te maak waar God se liefde sigbaar is. Daarom leef ons ons geloof uit deur om te gee en ander te dien.

Kom ervaar self die warmte, liefde en genade wat ons gemeente kenmerk. Jy is meer as welkom om te kom gesels – ons sien uit daarna om saam met jou hierdie geloofspad te stap.

Groete

Kameeldrift Span



# WIE ONS IS

Doxa Deo Kameeldrift is een van verskeie kampusse in ons stad. Daar is ook kampusse in ander stede in Suid-Afrika asook internasionaal. Doxa Deo beteken die **Heerlikheid van God** en kom vanuit Habakuk 2:14 *"Want die aarde sal vol word van die kennis van die heerlikheid van die HERE soos die waters die seebodem oordek."*

## *Ons visie is...*

Om stede te verander na plekke waar God regeer.

## *Hoe doen ons dit?*

Deur ons mense te bemagtig om dissipels van Jesus te maak deur "City Changers" op te rig. 'n Dissipel van Jesus is iemand wat die leringe van Jesus volg en wat in 'n ver-houding met Hom staan. Dit is mense wat die waardes en roeping van Jesus in hulle lewens vasmaak. (Mattheus 28:18-20)

Die volgende 3 aspekte is vir ons belangrik as "City Changers" Wat groei tot volwasse volgelinge van Jesus:

- om God TE KEN
- Mense LIEF TE HÊ
- my Wêreld TE VERNUWE

Die doel van geestelike groei is om 'n invloedryke persoon te word; 'n individu met 'n missie, 'n "City Changer" wat 'n impak in hulle stad maak met die volgende uitkomste in gedagte:

- **GELOOF** wat verlorenes bereik
- **LIEFDE** wat pyn genees
- **HOOP** wat gebrokenheid herstel






# WIE ONS IS

## *Wat om te verwag by ons Sondagdienste.*

By Doxa Deo Kameeldrift word jy ontvang in 'n vriendelike, gemaklike omgewing waar familie-wees vir ons 'n groot waarde is. Ons 3 dienste om 08:00, 10:00 & 18:00 is elk ongeveer 'n uur en 15 minute met 'n Bybel gebaseerde boodskap en passievolle aanbidding.

Ons hou daarvan om lekker saam te kuier. Na elke feesdiens kuier mense spontaan saam in die kuiertent rondom 'n lekker koppie koffie. Jy is welkom om by ons aan te sluit. Kom soos jy is!

## *Wat van my kinders?*

- **2 JAAR - GRAAD 4 [DOXA DEO KIDS]**
- **GRAAD 5 - GRAAD 7 [GLUE]**

Vanaf 2 jaar tot Graad 7 word die kinders geleer om hulle identiteit in Jesus Christus te verstaan en hoe om in verhouding met Jesus te leef. Daar is meer gedetailleerde infoblaadjies aangaande die verskeie ouderdomsgroepe by Doxa Deo Kids. Gaan maak gerus 'n draai daar om te sien Hoe die verskeie klasse ingerig is vir elke ouderdomsgroep.

### TIENERS [FUSION]

Die tieners kom bymekaar tydens ons 08:00 en 10:00 feesdienste waar hulle apart aanbid en met die woord bedien word.

# WAT IS MY VOLGENDE STAPPE?

Waarookal 'n mens jouself bevind, jou lewe maak saak en God het 'n plan met jou lewe. Ons wil jou help om die persoon te word waarvoor Hy jou geskape het. Elkeen het 'n plek in die liggaam van Christus. Indien jy by ons wil aansluit as vennoot (lidmaat), is jy welkom om ons nuwe vennote inligtingskuier by te woon waar ons met jou kennis maak en jou geleentheid gee om vrae te vra. Ons noem hierdie geleentheid **OMITAFEL**. Ons nooi jou uit na die geleentheid wanneer jy aandui dat jy by ons gemeente wil inskakel. Skandeer die VV kode en vul ons aanlyn vormpie in:

www.doxadeo.org/kameeldrift/nuwe-vennote-geleentheid/

## Groeplewe

*"We were created to do life together".*

Dit is ons leuse by Doxa Deo Kameeldrift. Niemand kan die lewe alleen doen nie. Afgesien van 'n verhouding met God, is die mens se grootste behoefte na betekenisvolle verhoudings met ander mense. Met 'n sterk gemeenskap van vriende kan jy groei, dien en die lewe geniet saam met mense wat regtig vir jou omgee. Christenskap is veel meer as net Sondag dienste. Volwassenes in ons kampus word primêr bedien en versorg in klein, informele groepe waar vriendskappe en verhoudings kan groei en floreer. Ons het dus 'n sterk fokus op GROEPLEWE.






# Groeplewe

## BELANGEGROEPE

Hier is 'n paar BELANGEGROEPE wat deel vorm van ons Groeplewe soos stapgroep, kamp, hekel & brei, ens.

## 'N PLEK OM 'N VERSKIL TE MAAK

God het jou geskep met gawes en vaardighede wat jy kan gebruik om ander se lewens aan te raak. Ons het verskeie plekke waar jy mense kan dien in die gemeenskap soos bv. ons G.I.R.L.- en Arrow projekte. Dit verskaf selfsorgpakkies aan behoeftige skoolkinders.

Ons het ook 'n Life Centre waar ons mense bystaan wat deur lewenskrisisse gaan.

## 'N PLEK OM TE GROEI

Deur die loop van die jaar bied ons verskeie prosesse, kampe en kursusse aan waar jy jou lewe kan verryk.

Doxa Deo bied ook 'n 2-jaar woordskool aan: CCEP. Gaan loer gerus op hulle webblad vir meer inligting:
www.doxadeo.org/cci/

*ontdek • groei • leef*



## SONDAG FEESDIENSTE

08:00 | 10:00 | 18:00

## KANTOORURE

Maandae - Donderdae: 08:00 - 16:30

Vrydae: 08:00 - 16:00

## KONTAKBESONDERHEDE

Tel: 012 808 9950 | 012 111 7332

E-pos: kd@doxadeo.org

## VOLG ONS OP SOSIALE MEDIA

www.doxadeo.org/kameeldrift

Facebook: Doxa Deo Kameeldrift

Instagram: doxadeo_kameeldrift

## ONS PREKE IS AANLYN BESKIKBAAR

Spotify

rightnow MEDIA

DOXA DEO

KAMEELDRIFT

## BESOEK ONS AANLYN TOONBANK VIR:

- Navrae
- Skryf in vir 'n proses of kursus
- Bly op hoogte van gebeurtenisse

www.doxadeo.org/kameeldrift/ons-kalender/